



**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**  
**PROVINSIALE EKSAMEN**  
**NOVEMBER 2017**  
**GRAAD 9**

**EKONOMIESE EN BESTUURS-  
WETENSKAPPE**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 200**

**19 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS  
PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 200**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A, AFDELING B, AFDELING C en AFDELING D en is gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk volgens die KBVJ-dokument.

**AFDELING A: ALLE ONDERWERPE**

VRAAG 1.1:	Meervoudigekeuse-vrae	(20)
VRAAG 1.2:	Pasitems	(20)
VRAAG 1.3:	Woordkeuse. Kies die korrekte woord.	(10)
VRAAG 1.4:	Waar of Onwaar	(10)
		<b>[60]</b>

**AFDELING B: DIE EKONOMIE**

VRAAG 2:	Ekonomiese Stelsels	(10)
VRAAG 3:	Ekonomiese Kringloop	(10)
VRAAG 4:	Prysteorie	(10)
VRAAG 5:	Vakbonde	(10)
		<b>[40]</b>

**AFDELING C: FINANSIËLE GELETTERDHEID**

VRAAG 6:	Joernale, Grootboeke en Rekeningkundige Vergelyking	(41)
VRAAG 7:	Grootboeke	(8)
VRAAG 8:	Proefbalans	(11)
		<b>[60]</b>

**AFDELING D: ENTREPRENEURSKAP**

VRAAG 9:	Sektore in ekonomie	(19)
VRAAG 10:	Funksies van 'n besigheid	(11)
VRAAG 11:	Besigheidsplan	(10)
		<b>[40]</b>

2. Al die vrae is verpligtend.
3. Beantwoord al die vrae **(Afdeling A – D)** in die **ANTWOORDBOEK** wat verskaf is.
4. Skryf netjies en leesbaar.
5. Die gebruik van 'n nie-programmeerbare en nie-grafiese sakrekenaar is toelaatbaar.

**AFDELING A**

**VRAAG 1**

**1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

Verskeie opsies word verskaf as moontlike antwoorde vir die volgende vrae. Kies die regte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is.

1.1.1 Impala Myne word bedryf in die ... sektor van die ekonomie.

- A sekondêre
- B besigheids
- C primêre
- D tersiêre (2)

1.1.2 'n Onderneming verkoop 'n produk teen 'n verkoopsprys van R16 800 met 'n winsopslag van 40%. Bereken die kosprys.

- A R 6 720
- B R 23 520
- C R 4 800
- D R 12 000 (2)

1.1.3 Die drie hoofdeelnemers in 'n geslote ekonomie is...

- A besighede, regering en huishoudings.
- B regering, huishoudings en sekondêre sektor.
- C finansiële instellings, firmas en huishoudings.
- D huishoudings, firmas en buitelandse sektor. (2)

1.1.4 Die dubbelinskrywing en invloed op die rekeningkundige vergelyking van die volgende transaksie: "koop skryfbehoeftes op krediet" is:

- A Dt Krediteure (L -) ; Kt Skryfbehoeftes (E +)
- B Dt Skryfbehoeftes (E-) ; Kt Krediteure (L+)
- C Dt Krediteure (L+) ; Kt Skryfbehoeftes (E -)
- D Dt Skryfbehoeftes (E+) ; Kt Krediteure (L+) (2)

- 1.1.5 Watter EEN van die volgende is nie een van die 4 P's van bemarking nie?
- A Produk
  - B Planne
  - C Promosie
  - D Plek
- (2)
- 1.1.6 Die brondokument wat uitgereik word vir die volgende transaksie: "Koop goedere op krediet" is 'n ...
- A tjekteenblad.
  - B faktuur.
  - C kwitansie.
  - D kredietnota.
- (2)
- 1.1.7 Die ... funksie is verantwoordelik vir die positiewe beeld van die onderneming.
- A menslike hulpbronne
  - B produksie
  - C bemarking
  - D openbare betrekkinge
- (2)
- 1.1.8 Die ekonomiese stelsel waarvolgens die regering al die grond en besighede besit, staan bekend as 'n ... ekonomie.
- A sosialistiese
  - B gemengde
  - C mark
  - D arbeids
- (2)
- 1.1.9 'n Groep werkers wat saamwerk om die verhoudinge tussen die werkgewer en hulleself te reguleer, word 'n ... genoem.
- A wettige konsultasie
  - B vakbond
  - C werkindustrie
  - D bestuursgroep
- (2)
- 1.1.10 Wanneer 'n debiteur goedere terugstuur wat op krediet gekoop was, word dit aangeteken in die ...
- A KBJ.
  - B DAJ.
  - C DJ.
  - D KAJ.

(2)  
**[20]**

**1.2 PASITEMS**

Pas die **beskrywing** in KOLOM B met die **terme** in KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A – J) langs die vraagnommer (1.2.1. – 1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

<b>KOLOM A</b>		<b>KOLOM B</b>	
1.2.1	Wet van Vraag	A	Die staat wat die balans van al die rekeninge in die dubbelinskrywingsstelsel lys
1.2.2	Proefbalans		
1.2.3	Kollektiewe bedinging	B	Onverwerkte inligting wat in 'n onderneming gebruik word
1.2.4	Ekonomiese probleem		
1.2.5	Oortrokke fasiliteit	C	Die tekort aan hulpbronne om in al die menslike behoeftes te voorsien
1.2.6	Vervaardiger	D	Goedere en dienste wat aangekoop word vir die direkte gebruik in die bestuur van die onderneming
1.2.7	Sloer-staking (go-slow)		
1.2.8	Krediteur	E	'n Persoon of 'n ander onderneming vir wie die onderneming geld skuld
1.2.9	Data	F	Die verlaging in die uitset van werkers terwyl hulle nog steeds hulle take verrig
1.2.10	Uitgawes	G	'n Tekort in die bankrekening wat veroorsaak is deur die onttrekking van meer kontant as wat in die rekening beskikbaar is
		H	As die prys hoog is, is die vraag laag.
		I	Ondernemings wat betrokke is in die maak of produsering van goedere en dienste
		J	Onderhandelings tussen die vakbond en werkgewer

**[20]**

**1.3 KIES DIE REGTE WOORD**

Kies die regte woord uit die onderstaande woordbank en voltooi die stellings wat volg. Skryf slegs die regte antwoord langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

mark; produkte; besigheidsplan; wisselkoers; gelykbreekpunt; SSGB-analise; arbeid; verkoopsprys.

- 1.3.1 Die plek waar kopers en verkopers ontmoet staan bekend as 'n ... (2)
- 1.3.2 Die kombinasie van sterkpunte, swakpunte, geleenthede en bedreigings word die ... genoem. (2)
- 1.3.3 Kosprys + winspersentasie = ... (2)
- 1.3.4 In 'n ekonomiese kringloop bied die ondernemings hulle ... aan huishoudings. (2)
- 1.3.5 'n Aanduiding van hoeveel eenhede verkoop moet word om al die onderneming se uitgawes te dek. (2)

**[10]**

**1.4 WAAR OF ONWAAR**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.4.1 – 1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

- 1.4.1 Die Debiteure Grootboek is 'n lys van al die debiteure se rekeninge in die onderneming. (2)
- 1.4.2 Die globale ekonomie verwys na handel wat binne die grense van 'n land plaasvind. (2)
- 1.4.3 'n Handelaar verkoop goedere aan kliënte teen 'n prys laer as wat hy betaal het. (2)
- 1.4.4 Topvlak-bestuur is verantwoordelik vir die ontwikkeling van die visie en missie van die onderneming. (2)
- 1.4.5 Die Ontleding van Ontvangste kolom in die KOJ word opgetel en oorgeboek na die Algemene Grootboek. (2)

**[10]****TOTAAL AFDELING A: 60**

**AFDELING B**

**DIE EKONOMIE**

**VRAAG 2 – EKONOMIESE STELSELS**

2.1 Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Ana werk in 'n koffieboonplantasie wat besit word deur die staat. Sy werk 10 ure per dag en almal verdien presies dieselfde salaris aan die einde van die maand, ongeag of daar 'n toename of afname in produksie was. Sy en haar familie woon gratis op die plantasie. Die regering betaal ook haar kinders se skoolfonds. Ana se man is 'n onderwyser en word ook deur die staat betaal.

(Viva ; 35)

Bespreek TWEE nadele van die ekonomiese stelsel in die bogenoemde scenario.

(2x2) (4)

2.2 Identifiseer die eienskappe van die verskillende ekonomiese stelsels deur A en B op die onderstaande tabel te voltooi in die ANTWOORDBOEK.

Eienskap	Markeconomie	Gemengde Ekonomie
Staatsbeheer	<i>Die regering het min beheer.</i>	A
Winsmotief	B	<i>Ja, dit is die dryfkrag.</i>

(2x2) (4)

2.3 Identifiseer die **ekonomiese term** wat deur die volgende drie prentjies voorgestel word.




(2)  
[10]



**VRAAG 3 – EKONOMIESE KRINGLOOP**

Bestudeer die volgende ekonomiese kringloop voordat die vrae beantwoord word.




- 3.1 Die volgende stellings beskryf die vloei van inkomste in die ekonomie. In elke geval, dui die relevante deelnemer aan. Byvoorbeeld: 3.1.4 – Huishoudings.
- 3.1.1 Ontvang belasting van ander deelnemers.
  - 3.1.2 Verskaf arbeid aan die regering en besighede.
  - 3.1.3 Verkoop goedere en dienste aan ander deelnemers. (3x1) (3)
- 3.2 Bespreek EEN manier hoe huishoudings 'n inkomste kan ontvang. (2)

3.3 Voltooi die volgende sin:

“ ’n Model wat die beweging van geld tussen die deelnemers in die ekonomie beskryf, word die ... genoem.”

(1)

3.4 Identifiseer die vergoeding vir die volgende vier produksiefaktore:



(4x1)

(4)

**[10]**

**VRAAG 4 – PRYSTEORIE**

Bestudeer die volgende prentjies en beantwoord die vrae wat volg.



Lily is 'n entrepreneur. Sy woon in 'n klein kusdorpie. Lily verdien 'n inkomste deur vlieërs te maak en op die strand te verkoop aan toeriste gedurende die somermaande.



Die weer beïnvloed die vraag na Lily se vlieërs.

Die volgende tabel verteenwoordig die vraag- en aanbodskedule vir Lily se vlieërs:

Prys van vlieërs	Hoeveelheid gevra (aantal vlieërs)	Hoeveelheid aangebied (aantal vlieërs)
R20	100	20
R40	80	40
R60	60	60
R80	20	80

- 4.1 Gebruik die bostaande skedule om 'n vraag- en aanbodkurwe op dieselfde assestelsel te teken. Dui die ewewigspunt aan. (6)
- 4.2 Hoeveel is die *ekwilibriumprys*? (1)
- 4.3 Definieer die *Wet van Aanbod*. (2)
- 4.4 Noem EEN faktor wat die vraag na Lily se vlieërs sal beïnvloed. (1)

**[10]**

**VRAAG 5 – VAKBONDE**

Stakings is een van die baie uitdagings wat besighede in Suid-Afrika op 'n daaglikse basis in die gesig staar. Stakings en sloerstakings is baie duur vir die besighede en /of die werkers.



- 5.1 Definieer die term *vakbond*. (2)
- 5.2 Identifiseer die TWEE hoofaspekte waarvoor vakbonde gewoonlik onderhandel. (2x1) (2)
- 5.3 Verduidelik hoe stakings 'n negatiewe impak op 'n onderneming kan hê. (2x2) (4)
- 5.4 Lys EEN verantwoordelikheid van vakbonde in Suid-Afrika. (1x2) (2)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C**

**FINANSIËLE GELETTERDHEID**

**VRAAG 6 – JOERNALE EN GROOTBOEKE**

K. Lincoln is die eienaar van Lincoln Boetiek. Hy koop en verkoop klere vir kontant sowel as op krediet. Die onderneming het 'n wins-opslag van **40%** op kosprys.

**INLIGTING EN INSTRUKSIES:**

**JOERNALE:**

Gebruik die onderstaande inligting om die transaksies in die volgende joernale aan te teken:

- 6.1 Kontantontvangstejoernaal met ontledingskolomme vir Ontleding van Ontvangste; Bank; Verkope; Koste van Verkope; Debiteurekontrole en Diverse Rekeninge. (8)
- 6.2 Kontantbetalingsjoernaal met ontledingskolomme vir Bank; Handelsvoorraad; Krediteurekontrole en Diverse Rekeninge. (7)
- 6.3 Debiteurejoernaal met ontledingskolomme vir Verkope en Koste van Verkope. (5)
- 6.4 Debiteure-afslagjoernaal met ontledingskolomme vir Debiteure-afslag en Koste van Verkope. (5)
- 6.5 Krediteurejoernaal met ontledingskolomme vir Krediteurekontrole; Handelsvoorraad en Diverse Rekeninge. (2)

**BELANGRIK : MOENIE die joernale afsluit op 31 Oktober 2017 nie.**

6.6	<p><b>DEBITEUREGROOTBOEK</b></p> <p><b><u>Beginsaldo's op 1 Oktober 2017</u></b></p> <table style="width: 100%; border: none;"> <tr> <td style="width: 50%;"><b>Debiteurelys</b></td> <td style="width: 50%;"><b>Krediteurelys</b></td> </tr> <tr> <td>Kelly Hoover R1 890</td> <td>Jozi Mode Winkel R1 220</td> </tr> <tr> <td>Hennie Alberts R3 710</td> <td></td> </tr> </table>	<b>Debiteurelys</b>	<b>Krediteurelys</b>	Kelly Hoover R1 890	Jozi Mode Winkel R1 220	Hennie Alberts R3 710	
<b>Debiteurelys</b>	<b>Krediteurelys</b>						
Kelly Hoover R1 890	Jozi Mode Winkel R1 220						
Hennie Alberts R3 710							

Berei die rekening van Kelly Hoover in the Debiteuregrootboek voor. (8)

**REKENINGKUNDIGE VERGELYKING**

- 6.7 Dui die effek van transaksie 08 op die rekeningkundige vergelyking aan. (5)

**TRANSAKSIES VIR OKTOBER 2017:**

03 Reik faktuur 88 uit aan Kelly Hoover vir goedere wat op krediet verskaf is, R3 920.

Reik tjek 100 aan Jozi Mode Winkel uit vir die handelsvoorraad wat aangekoop is, R11 800.

08 Koop voorraad vir die somerreeks op rekening, R7 900, van GP Handelaars, ontvang faktuur 91. (hernommer F76)

14 Kelly Hoover bring goedere ter waarde van R1 680 terug waarmee sy nie tevrede is nie. Hierdie goedere was nie volgens die voorbeeld wat sy bestel het nie. Reik kredietnota 31 uit.

24 Reik tjek 101 uit aan GP Handelaars vir R9 770. Dit sluit die bedrag verskuldig vir die transaksie op 8 Oktober 2017 in asook die verpakkingsmateriaal wat kontant aangekoop is.

30 Kontantverkope volgens die kasregisterrol, R4 060. (KRR 56)

Ontvang 'n tjek van R2 900 van Kelly Hoover as gedeeltelike betaling van haar rekening. Kwitansie 21 word uitgereik.

**[41]**

**VRAAG 7 – ALGEMENE GROOTBOEK**

Die inligting word verskaf uit die boeke van Muzi Handelaars.

**INSTRUKSIES:**

- 7.1 Boek die volgende joernale oor na die gedeeltelik voltooide Handelsvoorraad rekening in die Algemene Grootboek.
- 7.2 Balanseer die rekening aan die einde van September 2017.

**INLIGTING:**

**Openingsbalans:** Handelsvoorraad: R 33 475

**KONTANTONTVANGSTE JOERNAAL VAN MUZI HANDELAARS VIR SEPTEMBER 2017 KOJ6**

Dok nr.	Dag	Besonderhede	Fol	Ontleding van Ontvangste	Bank	Verkope	Koste van Verkope	Fol	Diverse Rekening		
									Bedrag	Fol	Besonderhede
					52 400	16 800	10 500		12 385		

**KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN MUZI HANDELAARS VIR SEPTEMBER 2017 KBJ 6**

Dok nr.	Dag	Naam van Begunstigde	Fol	Bank	Handelsvoorraad	Krediteure kontrole	Fol	Diverse Rekening		
								Bedrag	Fol	Besonderhede
				39 575	11 650	8 444		9 325		

**KREDITEUREJOERNAAL VAN MUZI HANDELAARS VIR SEPTEMBER 2017 KJ6**

Dok nr.	Dag	Besonderhede	Fol	Krediteure-kontrole	Handelsvoorraad	Verpakkings-materiaal	Fol	Diverse Rekening		
								Bedrag	Fol	Besonderhede
				13 772	10 985	2 330		899		

**KREDITEURE-AFSLAGJOERNAAL VAN MUZI HANDELAARS VIR SEPTEMBER 2017 KAJ6**

Dok nr.	Dag	Besonderhede	Fol	Krediteure-kontrole	Handelsvoorraad	Verpakkings-materiaal	Fol	Diverse Rekening		
								Bedrag	Fol	Besonderhede
				3 540	924	1 167		385		

**DEBITEUREJOERNAAL VAN MUZI HANDELAARS VIR SEPTEMBER 2017 DJ6**

Dok nr.	Dag	Debiteur	Fol	Verkope	Koste van Verkope

**DEBITEURE-AFSLAGJOERNAAL VAN MUZI HANDELAARS VIR SEPTEMBER 2017 DAJ6**

Dok nr.	Dag	Debiteur	Fol	Debiteure-afslag	Koste van Verkope

[8]

**VRAAG 8 - PROEFBALANS**

**Die onervare boekhouer van Brookes Handelaars het die volgende proefbalans voorberei en het 'n paar foute gemaak.**

Daar word van jou verwag om die korrekte proefbalans op 31 Oktober 2017 op te stel en die bedrag wat uitgelaat is te bereken.

**Proefbalans van Brookes Handelaars op 31 Oktober 2017**

	Fol	Debiet		Krediet	
<b>Balansstaat Rekeninge Afdeling</b>					
Verkope		47 050	-		
Verpakkingsmateriaal		8 565	-		
Huurinkomste		2 500	-		
Koste van Verkope				27 525	-
Krediteurekontrole		32 500	-		
<b>Nominale Rekeninge Afdeling</b>					
Bank		45 150	-		
Verbruiksgoedere				2 810	-
Voertuie				63 000	-
Kapitaal		?			
		<b>137 765</b>		<b>93 335</b>	

[11]

**TOTAAL AFDELING C: 60**




AFDELING D

ENTREPRENEURSKAP

VRAAG 9 – SEKTORE IN DIE EKONOMIE

Bestudeer die vloeiagram wat die produksie van brood uitbeeld, voordat die vrae beantwoord word.



- 9.1 Benoem die sektore van die ekonomie wat verteenwoordig word deur (a), (b) en (c) in die bostaande vloeiagram. (3)
- 9.2 Noem TWEE voorbeelde van besighede wat gevind sal word in sektor (a). (2x2) (4)
- 9.3 Bespreek kortliks die verhouding tussen die drie sektore in die produksie van brood. (3x2) (6)
- 9.4 Lys DRIE maniere hoe besighede die volhoubare gebruik van hulpbronne kan bevorder. (3x1) (3)
- 9.5 Noem DRIE tipes arbeid wat aangetref word in die drie ekonomiese sektore. (3)

[19]

**VRAAG 10 – FUNKSIES VAN 'N BESIGHEID**

**BELLA SE KLEREMAATSKAPPY**

Bella se Kleremaatskappy spesialiseer in 'n gewilde reeks kinderklere wat versprei word na kleinhandelaars in al die groot stede van Suid-Afrika. Hierdie vooruitstrewende onderneming doen gereeld marknavorsing om op hoogte te bly van veranderings in die modebedryf en kliëntevoorkeure. Hulle bly ook op hoogte van hulle mededingers se aksies en wat verbruikers dink van Bella se Kleremaatskappy.

Bella Tsele is trots op haar groeiende onderneming en is bevoorreg om 'n raad van direkteure te hê wat haar ondersteun. Die bestuurspan is entoesiasies en bevoeg om hulle werk te doen – nuwe aanbevelings vir 'n kantien en 'n gimnasium deur Trishen Maraj, die openbare betrekkinge bestuurder, is positief deur almal ontvang.

Opgegradeerde rekenaartegnologie het die toeganklikheid tot inligting verbeter. Verder het die aankoop-afdeling ook 'n nuwe verskaffer van rou materiale geïdentifiseer wat sal verseker dat die produkte van Bella se Kleremaatskappy mededingend bly.

Die kontantvloei is gesond en 'n konsultasiemaatskappy het maniere aangedui om enige besigheidsrisiko's te verminder.

[EC:2016]


- 10.1 Lees die volgende uittreksels wat geneem is uit die bogenoemde gevallestudie. Identifiseer die relevante ondernemingsfunksie in elke geval.
- 10.1.1 “Opgegradeerde rekenaartegnologie het die toeganklikheid tot inligting verbeter.” (2)
- 10.1.2 “Die kontantvloei is gesond ...” (2)
- 10.1.3 “'n Konsultasiemaatskappy het maniere aangedui om enige besigheidsrisiko's te verminder ...” (2)
- 10.1.4 “Bella ... is bevoorreg om 'n raad van direkteure te hê wat haar ondersteun” (2)
- 10.2 Definieer die konsep *teikenmark*. (3)



[11]

**VRAAG 11 – DIE BESIGHEIDSPLAN**

- 11.1 Verduidelik kortliks die belangrikheid van 'n besigheidsplan. (4)
- 11.2 Jy wil 'n plaaslike bank nader om jou te help met finansiële bystand om jou sakebedrywigheede uit te brei. Noem TWEE belangrike komponente wat in jou sakeplan ingesluit moet word. (2x2) (4)
- 11.3 Gee EEN voorbeeld van 'n vaste koste in 'n onderneming. (1x2) (2)
- [10]**



**TOTAAL AFDELING D: 40**

**TOTAAL: 200**